**Vrydag 18 November**

**Skrifgedeelte: Psalm 24; Matteus 5:8**
**Fokusgedeelte: Psalm 24:4**

## Die hart van die mens – God kyk na ons hart!

Wanneer God na ons harte kyk, wat sien Hy? Elkeen van ons het ’n uiterlike en ook ’n innerlike lewe. Die uiterlike is daar vir almal om te sien, maar die innerlike lewe word saamgestel uit ons gedagtes, ons gesindheid en ons motiewe.

Net jy en God weet wat binne-in jou aangaan. So baie van ons dra maskers. Uiterlik sien die mense een ding, maar diep binne-in ons is iets heeltemal anders besig om te gebeur.

Die uiterlike en die innerlike praat nie dieselfde taal nie. Wat ons moet besef, is dat God die innerlike mens kan sien. Uiterlik kan ons mekaar ’n rat voor die oë draai, maar ons kan God nie bluf nie.

God wil hê ons innerlike en uiterlike moet ooreenstem, ons moet die maskers afgooi, ons moet deursigtig raak, slegs dan kan ons die waarheid leef. God wil hê ons moet suiwer van hart wees.

Neem vandag inventaris van jou lewe, maak vrede waar nodig, vergewe jouself en andere, soos God ons vergeef het deur Jesus Christus. Vra die HERE om jou te help om jou innerlike en uiterlike in lyn te kry, sodat Hy jou kan seën en deur jou kan werk.

Wie in God se teenwoordigheid staan, moet rein hande en suiwer harte hê. God wil hê dat ons lewe verander tot sy eer en in ooreenstemming kom met sy wil. Sulke verandering begin altyd van binne af. Gelowiges verander nie van buite af binnetoe nie, maar andersom: van binne af buitentoe.

Dis egter net die Heilige Gees wat hierdie interne verandering kan bewerk, vra Hom vandag om dit te doen. Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien!

*Sing: Psalm 24-2:1-4*

*Dr. D (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)*